

DIE

REG-

'n Oulike hemprok, lekker lospassend vir daardie dodelik warm somerdae. Jy kan dit in 'n middag volgens ons aanwysings maak. Dié chemise het vier knope op die linkerskouer, twee groot sakke en los moue wat opgerol word

BENODIGDHEDE

3,70 m katoenmateriaal (70/80 cm wyd) of 2,50 m katoenmateriaal (120 cm wyd)
4 knope

Sny patroon volgens groottes op diagram aangegee. Onthou: 1 cm vir nate is reeds bygereken sowel as 5 cm vir roksoom en 2 cm vir die mousome.

Plaas agterpant op dubbelgevoude materiaal met middelnaat op vou. Die regterskouer, wat nie knope het nie en normaalweg vasgewerk word, word agterna uitgesny, soos op diagram aangetoon. Sny voorpant soos agterpant, maar hier is die twee skouers dieselfde.

Werk sakke vas, 46 cm bo soom en 12 cm tussenin.

Laat 30 cm oop aan bokant van synate vir armholtes en onderarm insetsel.

Plaas moue op dubbelgevoude materiaal en sny uit. Stik mounaat en laat 8 cm bo oop vir onderarm insetsel.

Stik regterskouer. Werk die twee eindpunte van die hals- en die linkerskouerbelegsel aanmekaar waar dit aan die regterskouer vasgewerk moet word. Stik belegsel aan halsopening en linkerskouer vas (insluitende die vier materiaal knoopsgatlussies), regte kant op regte kant. Vou daarna om sodat belegsel 2,5 cm breed is en werk reg rondom vas. Ryg voorkant van linkerskouer tydelik aan agterkant vas sodat mou aangewerk kan word.


Heg moue aan en daarna die insetsels, soos 'n ruit. Sit some in en werk knope aan linkerskouer.



AF CHEMISE



DIAGRAM




Belegsel (agter)



Belegsel (voor)



Insetsel



Halwe mou (2)